19 APRIL 2020

# Gr R tot Gr 3

nous praktiese wysheid...

## Ek is 'n **erfgenaam**!

## 1 **Petrus** 1:3-9

### **voor**bereiding

Neem saam:

- Verskillende erfgoed of iets wat vir jou belangrik is of waardervol is
- Afskrifte van prent aan einde van les
- Inkleurkryte

### bid **tyd**

**OPENINGSGEBED:**
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

### gesels **tyd**

Het julle al ooit gehoor dat mamma of pappa praat en sê dat iets wat hulle het, 'n erfstuk is? Wat beteken dit om iets te erf? *Gee aan die kinders die geleentheid om te vertel van erfstukke wat hulle in die huis het en hoe hulle oor erfgoed dink.*

'n Erfstuk is iets wat mens van iemand ontvang of kry, nadat daardie persoon doodgegaan het. Dit was vir hom of haar iets kosbaar soos 'n mooi ring, of 'n spesiale stoel of kas. En na die tyd kry die een wat hulle gekies het, die erfstuk om dit weer veilig te bewaar en te dra of te gebruik. 'n Erfstuk is baie kosbaar, want dit is iets wat vir die een wat dood is, baie beteken het, en hulle het jou of die een wat die erfstuk ontvang het, nou daarmee vertrou om dit mooi op te pas of te gebruik.

Iemand wat iest kosbaar erf, is ook baie opgewonde oor die item en baie dankbaar dat hulle dit kan kry.

Wat sal jy graag eendag van ouma of oupa wil erf? Of dalk van mamma of pappa.

'n Erfstuk is soms ook iets wat jy baie graag wou hê, en daarom sal jy dit baie mooi oppas.

### gesels **tyd** (vervolg)

Erfstukke het ook soms baie waarde. Partykeer kan mens baie geld vir 'n efstuk kry, soos vir ouma se mooi goue ring, maar al sou dit baie geld vir jou gee, beteken die geld nie soveel vir jou soos om die ring self te hê nie.

Kom ons raai die waarde van 'n paar "erfstukke. *Bring paar goed wat vir jou kosbaar is saam. Laat die kinders besluit wat is baie geld werd en wat is minder geld werd. Vertel dan hoekom dit vir jou baie werd is en laat die kinders dan besluit of dit nou meer waarde het as wat hulle aanvangklik daarvoor gegee het.*

Mense sal verskillende waarde aan verskillende goed gee, omdat elke ding vir elkeen iets verskillend beteken. Vir die een wat iets erf, sal die waarde van dit wat hulle erf, afhang van die verhouding at hulle met die persoon gehad het by wie hulle dit geerf het. As die persoon vir hulle baie beteken het en hulle baie lief was, sal iets soos 'n houtlepel sommer baie geld werd wees, omdat dit ouma sin was. Maar as jy iets erf van iemand wat jy nie regtig geken het nie, of wat nie baie vir jou beteken het nie, sal selfs 'n duur horlosie nie regtig iets beteken nie.

### sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

**Lied: Juig al wat leef**
Juig al wat leef, juig voor die Heer
Dien God met blydskap, gee Hom eer
Kom nader voor Sy aangesig
En prys Hom met 'n lof gedig

Want goedertierend is die Heer
Sy goedheid einding nimmer meer
Sy trou en waarheid hou hul krag
Tot in die laaste nageslag

Dankie Jesus, dankie dankie Jesus (x2)
Halleluja, loof Hom Halleluja (x2)

**Lied: Weet jy dat Jesus jou liefhet?**
Weet jy dat Jesus jou liefhet?
Weet jy dat Hy baie van jou hou?
Sommer net soos wat jy is
Want jy's kosbaar en spesiaal vir Hom

Weet jy dat Jesus jou vriend is?
Weet jy dat Hy altyd sal hoor
As jy Hom vra om jou te wys
Hoe kosbaar en spesiaal jy vir Hom is

*Dankie Jesus (x3)*
*U is ook spesiaal vir my.*

## BYBEL tyd

In die Bybel lees ons dat Jesus aarde toe gekom het om in ons plek dood te gaan aan die kruis, sodat ons sondes van ons vergewe kan word. Niks wat ons doen, kan sorg dat ons gered kan word nie. Ons sou onsself nie kon red nie. Net as ons aanvaar dat Jesus klaar die volle prys betaal het om ons sonde weg te vat en ons vir Jesus baie dankie sê dat Hy in My plek dood gegaan het, kan ek Sy kind wees. Dan is ek ook 'n erfgenaam van Jesus. Alles wat aan Jesus behoort, behoort ook nou aan my. En dit maak my sommer baie opgewonde.

Jesus het nie net dood gegaan aan die kruis nie, maar Hy lewe en het ook opgestaan. Daarom het ek en jy as ons in Jesus glo, ook die nuwe lewe.

Ons kan nou hoop en glo in 'n ewigheid saam met Jesus by God ons Vader.
Kom ons lees daarvan in die Bybel:
*Lees vir die kinders voor uit 1 Pet.21:3—4*

Die gedeelte wil vir ons wys dat ons uit dankbaarheid, opgewonde moet wees oor die nuwe kans wat Jesus vir ons gee, en daarmee saam ook die erfdeel wat ons ontvang as ons in Hom glo.

Maak dit jou ook opgewonde om te weet dat Jesus vir jou plek gereed maak in die hemel. Hier op aarde is dinge nie altyd lekker nie. Ons sien mense swaar kry. Ons sien geweld en slegte dinge in die wêreld. En dan wonder ons hoekom Jesus nie maar kan kom om ons te kom haal nie. Maar Hy wil graag dat mense Hom moet leer ken en liefkry. Ons moet daarom altyd oral vir almal vertel dat daar Hoop is op 'n beter toekoms. Dat alles nie vir altyd net slegs kan bly nie, maar dat ons kan uitsien om die Hemel saam met Jesus te erf.

Ek en jy moet dankbaar lewe. Wanneer mense sien dat ons uit dankbaarheid lewe, sal hulle weet dat dit nie aardse goed is wat ons gelukkig maak nie, maar iets of iemand anders. En dit gee ons dan die kans om vir ander te vertel hoe lief Jesus ons het en dat Hy vir ons die hemel wil laat erf.

Kom ons dink bietjie oor wat ons alles gelukkig en dankbaar maak.
*Gee die kinders kans om te dink waarvoor hulle dankbaar is. Sluit af met 'n gebed waar elkeen kans kry om vir iets in hulle lewe dankie te sê*

## doen & leer **tyd**

Dankie Jesus vir:

Maak vir elke kind 'n afskrif van die prent wat volg. Laat die kinders langs elke letter van die woord DANKIE iets skryf waarvoor hulle dankbaar is wat met die letter van DANKIE begin, byvoorbeeld:
D – dankie vir 'n DAK oor ons kop
A – dankie dat ek ALTETIEK kan doen
N – dankie vir NUWE maats
K – dankie vir KOS elke dag
I – dankie vir INK waarmee ek briefies kan skryf
E – dankie dat ek 'n ERFGENAAM van Jesus is.

As die kinders nog nie goed kan skryf nie, kan hulle ook 'n prentjie langs elke letter teken.


Moedig die kinders aan om vir mamma en pappa te gaan vertel wat hulle vandag geleer het oor dankbaarheid en om erfgenaam van Jesus te wees

## groet **tyd**

Dankie Jesus dat U vir my sonde doodgegaan het aan die kruis en dat ek U erfgenaam kan wees.

Amen





**Dankie Jesus vir:**

d
a
n
k
i
e